



Published on *Republikein.com.na* (<http://www.republikein.com.na>)

[Tuis](#) > Vryheid, die mens se grootste wens

Vryheid, die mens se grootste wens

Voorgelê deur Republikein op Vr, 2012-11-02 02:00



Meer as 1 400 krygsgevangenes was in 1918 in die kamp by Aus geïnterneer.



Dit is nag en die interneringskamp by Aus in die suide van Duits-Suidwes- Afrika is in digte mis gehul. Dit blink in die soekligte, maar selfs daardie skerp strale kan nie deur die klam massa dring nie. By die oostelike kampheining werk vier skimagtige figure koorsagtig om die doringdraad op te lig. Dis koud en nat en hulle bid dat die wagte in hul waghokkies sal bly en nie die heining sal patroleer nie. Uiteindelik wriemel hulle hulle deur die geforseerde opening, vee so goed as moontlik die tekens van hul gewerskaf dood en begin hardloop. Hulle is vry! Die vier manne, sersant Bock van 2 Battery, onderkorporaal Immler van 2 Peleton op Keetmanshoop en manskappe Losch en Fritz Körner van die reserwe gebiedsmag, begin onmiddellik ná hul internering in Junie 1916 planne beraam om te ontsnap. Bock het drie weermagrewolwers plus 250 patrone van 2 Battery se arsenaal die kamp binnegesmokkel en dit in sy hut versteek. Intussen begin hulle voorrade asook toerusting opgaan wat hulle tydens hul vlugtog sal nodig kry. Ontsnapping is feitlik onmoontlik, ?n feit waarvan hulle deeglik bewus is. Dit word verder bemoeilik deur die feit dat al die waterbronne in ?n straal van 50 km rondom Aus in die hande van die Suid-Afrikaanse soldate is. Geduld is dus die wagwoord en hulle wag net vir die regte oomblik. Dié geleentheid breek aan met die digte misbank van die see af wat die kamp soos ? n reusekometers bedek. Dit belemmer nie slegs sigbaarheid nie, maar die neerslag sal vir water in hol rotse en skeure sorg en hulle sal in die woestyn dus nie sommer weens ontwatering omkom nie. Die vier kamerade begin in ?n oostelike rigting al langs die spoorlyn dieper die binneland in stap. Met dagbreek het hulle reeds 30 kilometer afgelê en hulle bevind hulle by die berge by die Huib-plato. Gedurende die dag versteek hulle hulle op ?n heuwel in die middel van die woestyn en kom op water in rotspoelletjies af. Dit word eers gekook voordat hulle daarvan

drink en hulle sit hul tog al langs 'n bergkruin in 'n suidoostelike rigting voort. Namate hulle vorder, verander die omgewing en plantegroei en hier en daar kom hulle selfs wild teë. Ná ongeveer twee weke bereik hulle die Visrivier wat vir hulle soos die paradys voorkom. Welige, groen struik en bome groei op die oewers tot by die spoelvallei se oorhange. Klein papegaaie met skitterende, veelkleurige veredosse vlieg daar rond en watervoëls is volop. Daar vertoef hulle vir 'n paar dae en skiet van die wilde ganse vir kos om hul kragte te herwin. Terwyl hulle herstel ná hul ontberinge, bespreek hulle wat hulle volgende gaan doen. Oortuig daarvan dat die oorlog binne 'n paar weke iets van die verlede sal wees, besluit hulle om tot dan weg te kruip. In daardie stadium duur die oorlog reeds twee jaar sedert dit op 1 Augustus 1914 in Europa uitgebreek het. Omdat dit 'n Suid-Afrikaanse aanval verwag, kondig die Duitse owerheid in Duits-Suidwes-Afrika op 8 Augustus 1914 mobilisasie af. Skaars 'n maand later besluit die Suid-Afrikaanse regering, 'n bondgenoot van Groot Brittanje wat ook in die oorlog gewikkel is, om tot die oorlog toe te tree en soldate word na die Duitse kolonie gestuur. Op 1 Julie 1915 gee die Duitse Schutztruppe by Otavi oor ná 'n laaste geveg en nederlaag teen die Suid-Afrikaanse oormag daar naby. Die lede van die Schutztruppe word na die interneringskamp by Aus gestuur en Suid-Afrika neem beheer van Duits-Suidwes-Afrika oor. Die voormalige Duitse kolonie se toekoms is in daardie stadium egter nog duister, en in afwagting van die einde van die oorlog staar die geïnterneerdes op Aus 'n lang en moeilike tyd in die gesig. By hul wegkruipplek in die spoelvallei vertel onderkorporaals Immler hulle van 'n plek ongeveer vier dae se stap van daar wat onder die Schutztruppe as Vogelstrausskluft bekend staan. Hy was as seiner daar gestasioneer en hy weet van 'n groot, droë grot in die nabye omgewing, 'n ideale wegkruipplek. Hulle besluit om hul intrek in die grot te neem wat terselfdertyd ook beskerming teen die elemente sal bied. Om te oorleef, jag hulle, vang vis en skiet wilde ganse. Hul skraps voorraad van meel, rys en suiker word streng gerantsoeneer, maar hulle besef dat hulle nie slegs van vleis kan leef nie. Om hul voorraad aan te vul, bring hulle dus blitsbesoeke aan plase in die omgewing en doen ook by die hotel op Seeheim aan. Daar hoor hulle dat hul ontsnapping groot konsternasie veroorsaak het, en hulle word ook vertel dat die oorlog in Europa nie in die nabye toekoms verby sal wees nie. As gevolg daarvan dat hulle hulle weens hul ekskursies in die nabye omgewing redelik blootgestel het, bied die grot nie langer 'n veilige skuilplek nie en teen die einde van Augustus vertrek hulle daarvandaan. Dit is lente en hulle stap noord met die Visrivier deur die Bersebagebied tot by die berg Brukkaros. Daar skei die vier mans se weë en hulle gaan werk op verskeie plase. Die Suid-Afrikaanse polisie het egter deurentyd na hulle gesoek en na 'n paar maande word al vier in hegtenis geneem en na die interneringskamp by Aus teruggeneem. Spaanse griep breek in 1918 in die kamp uit en baie geïnterneerdes en wagte sterf. Fritz Körner versorg die siekes daar en later ook in Windhoek en word as gevolg van sy werk in die kamp by Aus, vrygelaat waarna hy na sy familieplaas terugkeer. Met die ondertekening van die Verdrag van Versailles op 28 Junie 1919 word die Groot Oorlog beëindig. Suidwes-Afrika word 'n mandaatgebied van die Verenigde Volke-organisasie, maar bly onder die administrateurskap van Suid-Afrika. Tydens pogings tot "Suid-Afrikisering" word ongeveer die helfte van die 15 000 Duitsers wat in Suidwes-Afrika gewoon het, gedeporteer. Fritz Körner is een van die weiniges wie se appèl teen sy deportasie suksesvol is en hy word toegelaat om in Suidwes-Afrika te bly. Niks is egter oor die lot van sy kamerade Immler, Losch en Bock bekend nie.

Source URL: <http://www.republikein.com.na/politiek-en-nasionale/toerisme-en-omgewingsake/vryheid-die-mens-se-grootste-wens.158205.php>